



**SA BOERPERD
TELERSGENOOTSKAP / BREEDERS' SOCIETY**
The Ideal Sporting and Pleasure Horse

**BEOORDELAARS, BEAMPTES & NOMINASIEPROSEDURES
JUDGES, STEWARDS & NOMINATION PROCEDURES**

INHOUD	INDEX
1 OPLEIDING & AANSTELLING VAN BEOORDELAARS	<i>TRAINING & APPOINTMENT OF JUDGES</i>
2 OPLEIDINGSFASES	<i>TRAINING PHASES</i>
3 BEVORDERINGSKRITERIA	<i>PROMOTIONAL CRITERIA</i>
4 SELEKSIE VAN BEOORDELAARS VIR STREEK- EN NASIONALE KAMPIOENSKAPPE	<i>SELECTION OF JUDGES FOR REGIONAL & NATIONAL CHAMPIONSHIPS</i>
5 PLIGTE & BEPERKINGE VAN BEOORDELAARS & BEAMPTES	<i>DUTIES & RESTRICTIONS OF JUDGES & STEWARDS</i>
6 NOMINASIEPROSEDURES VIR NASIONALE KAMPIOENSKAPPE	<i>NOMINATION PROCEDURES FOR NATIONAL CHAMPIONSHIPS</i>



1. OPLEIDING & AANSTELLING VAN BEOORDELAARS/ TRAINING & APPOINTMENT OF JUDGES

- 1.1 Geen persoon kan as beoordelaar van SA Boerperde aangestel word, alvorens voldoen word aan sodanige vereistes soos deur die Raad bepaal mag word nie.
It is a prerequisite that all judges appointed for judging SA Boerperd must comply with the requirements set by the Board.
- 1.2 Alleenlik beoordelaars wat deur die Raad goedgekeur is mag by SA Boerperd Streekkampioenskappe en/of Nasionale Kampioenskappe beoordeel.
Only judges approved by the Board may judge at SA Boerperd Regional- and/or National Championships.

2. OPLEIDINGSFASES / TRAINING PHASES

- 2.1 Teoretiese opleiding en eksamens van die SA Boerperd beoordelaars spesifiek sal behartig en/of onderskryf word deur die Ryperd Beoordelaars Vereniging van SA.
Theoretic training and examinations of the SA Boerperd Judges specifically will presented by and/or underwritten by the Riding Horse Judges' Association of SA.
- 2.2 Alle persone wat belang sou stel om 'n beoordelaarskursus te volg, moet eers die teoretiese eksamen, met slaagvereiste van 60% voltooi. Die sillabus is soos volg:
All interested parties must complete the theoretic examination with a minimum result of 60% in the following subjects:

TEORETIESE VAKKE / THEORY

- Algemene skoupraktik & Etiket
General show Practice & Etiquette
- Bouvorm / Conformation
- Handleiding: In-hand klasse
Manual: In-Hand classes
- Handleiding: Universele 3-Gang
Manual: Universal 3-Gaited
- Handleiding: Interdisiplinêre klasse
Manual: Inter disciplinary Classes
- Handleiding: Tradisionele 3-gang, 5-Gang & Vertoonperd
Manual: Traditional 3-gaited, 5-gaited & Show Horse
- Tuigklasse / Harness Classes

PRAKTIESE VAKKE / PRACTICAL

- Versamelring beampte
Collection ring steward
- Beoordelaarsbeampte / Judges' Scribe
- Baanmeester / Steward (Ringmaster)
- Keuringstoere / Inspection tours

FINALE PRAKTIESE EVALUERING / FINAL PRACTICAL ASSESSMENT

- Tydens Nasionale Kampioenskappe se beoordeling: Universeel, sowel as Tradisioneel (High-Low), nie noodwendig tydens dieselfde skou nie.
Takes place during the annual National Championships in Universal, as well as Traditional (High-Low) classes. Not necessarily at the same event.

**Uitslae bo 45% maar onder 60%, kwalifiseer vir hereksamen.
*Results above 45% but under 60% qualify for a re-write of the examination.***



2.3.1 Slegs wanneer die teoretiese eksamens geslaag is, kan die aspirant beoordelaar voortgaan met die res van die praktiese vereistes. Soos die kandidaat beoordelaar diens doen as versamelring meester, beoordelaarsbeampte, baanmeester assistent, sowel as keuringstoere meemaak, word hy/sy toegelaat om sy/haar eie opinie te vorm wat met en deur die senior beoordelaar / keurder bespreek en geëvalueer sal word sonder om die finale uitslag te beïnvloed. Die praktiese ondervinding sluit die volgende in:

- (i) Versamelring meester
- (ii) Beoordelaarsbeampte tydens SA Boerperd skoue
- (iii) Keuringstoere.

Only when the theoretical examination have been passed, can the aspirant judge continue with the rest of the practical requirements. As the candidate judge embarks on services as collection ring master, judge's assistant/scribe and participated in selection tours, the candidate is allowed to form his/her own opinion that will be evaluated and discussed with the senior judge / inspector, without having any influence on the eventual outcome. Practical modules include the following:

- (i) Collection ring master*
- (ii) Judges' Scribe at SA Boerperd shows.*
- (iii) Inspection tours.*

2.3.2 Nadat al die bogemelde vereistes suksesvol voltooi is, sal die aspirant beoordelaars bevorder word na **Kandidaat Beoordelaars** en sal dan onderworpe wees aan die reëls en vereistes van die Ryperd Beoordelaars Vereniging van SA.

After completing all the above successfully, the aspirant judges will then be promoted to candidate judges. They will be subject to all the rules & regulations of the Riding Horse Association of SA.

3. BEVORDERINGSKRITERIA / PROMOTIONAL CRITERIA

3.1 KANDIDAAT BEOORDELAAR / CANDIDATE JUDGE

Die kandidaat beoordelaar begin met die aflê van praktiese eksamens tydens Streekkampioenskappe. Die kandidaat beoordeel die klasse op sy/haar eie en na afloop van elke klas sal die senior beoordelaar die kandidaat se plasings evalueer en met hom/haar bespreek. Die kandidaat se plasings word nie in ag geneem vir die uitslag van die klas nie. Dit is in orde as die kandidaat verskil van die beoordelaar, mits goeie redes verskaf kan word vir die plasings gemaak deur die kandidaat.

The candidate judge can now start with doing practical examination during Regional Championships. This means that the candidate judges the classes on his/her own and after each class discusses the results with the judge. The candidate's placings are not taken into consideration to determine the outcome of the class. He/she may differ from the judge, however a good motivation must be given.

Die senior beoordelaar stuur 'n verslag van die kandidaat beoordelaar na die kantoor, waar dit op rekord gehou word. Minstens **drie (3) positiewe verslae is nodig voordat 'n kandidaat na junior beoordelaar bevorder kan word.**

A report from the senior judge will be sent in to the office and added to the candidate judge's portfolio. A minimum of three (3) positive reports are required before the candidate judge may be promoted to junior judge.



3.2 JUNIOR BEOORDELAAR / JUNIOR JUDGE

’n Junior beoordelaar word deur die organiseerders na skoue genooi om as junior beoordelaar op te tree of stel homself/haarself beskikbaar daarvoor. Junior beoordelaars mag nie Streekkampioenskappe beoordeel tensy dit saam met ten minste een senior beoordelaar plaasvind nie.

A Junior Judge may be invited to shows as junior judge and will judge together with a senior judge. They must apply to the Riding Horse Judges’ Association of SA to be evaluated officially. Junior judges may NOT judge as regional championships without the presence of a Senior Judge.

3.2.1 Die senior beoordelaar sal na afloop van die skou ’n verslag aan die kantoor stuur. Wanneer drie goeie verslae van verskillende senior beoordelaars ontvang is, sal die junior beoordelaar in aanmerking kom vir bevordering.

A report from the senior judge will be sent in to the office and added to the candidate judge’s portfolio. A minimum of three positive reports are required before the candidate judge may be promoted to senior judge.

3.3 FINALE EVALUERING

Minstens EEN skou moet volgens die “Hi-Low” stelsel beoordeel word. Evaluering vind plaas teenoor die uitslag van die beoordelaars op ’n “high-low” sisteem. Uitslae sal slegs aan die Raad beskikbaar wees.

At least ONE show must be judged under the High-Low system. The results will only be made known to the Board.

3.3.1 Junior beoordelaars moet aansoek doen by die Ryperd Beoordelaars Vereniging van SA om officieel geëvalueer te word.

Junior judges must apply to the Riding Horse Judges’ Society of SA to be officially evaluated

3.4 AANSTELLINGS / APPOINTMENTS

Bevorderings moet deur die Raad goedgekeur word en beoordelaars sal volgens die diskresie van die Raad aangestel word.

Promotions must be approved by the Board and judges will only be formally appointed when necessary according to the discretion of the Board.

3.4.1 Die Raad sal die reëls vir die aanstelling van beoordelaars vir skoue & kampioenskappe bepaal.

The Board will determine the rules for the appointment of judges at shows & championships.

3.4.2 Alle beoordelaars kan tydens skoue geëvalueer word soos bepaal word deur die Ryperd Beoordelaars Vereniging van SA. Resultate sal slegs aan die Raad beskikbaar gestel word.

Judges can be evaluated during the show as determined by the Riding Horse Judges’ Association of SA. The results will be made available only to the Board.

3.4.3 Die Raad sal van tyd tot tyd die paneel van beoordelaars in heroorweging neem en dan sodanige name verwyder, vervang en/of byvoeg, soos wat nodig geag mag word.

The panel of judges will be reconsidered from time to time and judges will be added, replaced or scratched as necessary.

3.4.4 Senior beoordelaars op die interne paneel moet binne ’n siklus van 3 jaar, minstens een van die volgende doen om hulle status as beoordelaar op die paneel te behou:

- As beoordelaar optree by ’n SA Boerperd skou
- ’n Volledige opknappingskursus doen
- As baanbeampte optree.



Senior judges on the internal SA Boerperd Judges' Panel must, in a cycle of 3 years, do at least one of the following to keep their status as judge on the panel:

- *Be a judge at any SA Boerperd show*
- *Do a comprehensive refreshment course*
- *Act as steward (ring master).*

3.4.5 'n Gekwalifiseerde Senior beoordelaar van 'n ander ras*, asook SASA gekwalifiseerde beoordelaar moet die teoretiese SA Boerperd eksamen slaag en minstens een SA Boerperd skou beoordeel om oorweeg te word vir plasing op die SA Boerperd beoordelaars paneel.

**Senior Saalperd beoordelaars wat slegs die teoretiese eksamens van die SA Boerperd ras geslaag het, mag sonder 'n praktiese eksamen op die SA Boerperd beoordelaarslys geplaas word.*

A qualified Senior judge from another breed, as well as a SASA judge have to pass the theoretical examinations as well as judge at least ONE SA Boerperd Show to be considered for placement on the SA Boerperd judges' panel.*

**Senior Saddlebred judges may be placed on the internal judges' list after completing only the SA Boerperd theoretical examination.*

4. SELEKSIE VAN BEOORDELAARS VIR STREEK- & NASIONALE KAMPIOENSKAPPE / SELECTION OF JUDGES FOR REGIONAL- AND NATIONAL CHAMPIONSHIPS

4.1 SASA gekwalifiseerde beoordelaars op die Nasionale- en/of Internasionale paneel kom in aanmerking om **Universele** Nasionale Kampioenskappe se Ryperd klasse beoordeel. SASA beoordelaars op die Provinsiale paneel, sowel as aangestelde SA Boerperd Beoordelaars mag by Streekkampioenskappe die Ryperd klasse beoordeel. Om in aanmerking te kom ook die Teelklasse (In-hand) te beoordeel, moet hulle ook die Bouvorm kursus suksesvol voltooi.

*SASA qualified judges on the National- and/or International judges' panel are eligible to judge the ridden **Universal** classes at the SA Boerperd National Show. SASA Judges on the provincial panel, as well as SA Boerperd appointed Judges may judge ridden classes at Regional Championships. To judge the Breed classes (In-Hand) as well, the judge must also have completed the Conformation course.*

4.2 Beoordelaars vir die Tradisionele afdeling moet 'n lid van die Ryperd Beoordelaars Vereniging van SA wees.

All judges invited to judge Traditional ridden classes must be a member of the Riding Horse Judges' Association of SA.

4.3 Beoordelaars vir die Universele afdeling by Streekkampioenskappe moet aan een van die volgende vereistes voldoen:

- 'n SASA beoordelaar op die nuutste Provinsiale SASA beoordeleerspaneel wees.
- 'n SA Boerperd beoordelaar op die nuutste SA Boerperd Beoordelaarspaneel wees.

Judges for Universal classes can at Regional Championships must comply with one of the following requirements:

- SASA judges must at least be listed on the current SASA Judges' panel
- SA Boerperd Judges must be on the current SA Boerperd Judges' Panel.

4.4 Die "High-Low" stelsel van beoordeling sal tydens die Nasionale Kampioenskappe gebruik word vir Tradisionele- en Vertoonperd klasse. Puntekaarte sal, so gou as moontlik, na afloop van 'n klas, ten toon gestel word.

The High-Low judging system will be applied for judging Traditional and Show Horse classes at the National Championships. Score cards will be displayed a.s.a.p. after the class.



5. PLIGTE & BEPEKINGE VAN BEOORDELAARS & BEAMPTES / DUTIES & RESTRICTIONS OF JUDGES & STEWARDS

5.1 PLIGTE VAN DIE BEOORDELAAR - ETIEK / DUTIES OF THE JUDGE – ETHICS

- 5.1.1 Ken die rasstandaard.
Know the breed standard.
- 5.1.2 Ken die skoureëls.
Know the show rules.
- 5.1.3 Tree diplomaties, taktvol en hoflik teenoor vertoners, beamptes en toeskouers op.
Be diplomatic, tactful and courteous towards all exhibitors, officials and spectators.
- 5.1.4 Boesem vertrouwe in.
Inspire confidence.
- 5.1.4 Wees stiptelik en op tyd.
Be prompt and on time.
- 5.1.5 Wees altyd netjies.
Be neat.
- 5.1.6 Moenie sterk drank gebruik nie.
Do not use alcohol.
- 5.1.7 Moenie met vertoners sosialiseer nie.
Do not socialise with exhibitors
- 5.1.8 Beoordeel sonder vooroordele teenoor elke perd of deelnemer
Judge without any prejudice against any horse of exhibitor.
- 5.1.9 Tree objektief en regverdig op.
Be objective and fair.
- 5.1.10 Moenie toelaat dat vorige prestasies van perd/ruiter u oordeel beïnvloed deur nie.
Do not be influenced by prior accomplishments of horse/ rider.
- 5.1.11. Beoordeel elke klas as 'n nuwe een.
Judge each class on its own.
- 5.1.12 Moenie geïntimideer word deur toeskouers of deelnemers nie.
Do not be intimidated by spectators or exhibitors.
- 5.1.13 Wees behulpsaam en bemoedigend teenoor Junior beoordelaars.
Be accommodating and encouraging towards junior judges.
- ### **5.2 BEPERKING VAN DIE BEOORDELAAR / RESTRICTIONS OF THE JUDGE**
- 5.2.1 'n Beoordelaar mag nie deelneem aan 'n klas waarin hy/sy ook as beoordelaar optree nie.
A judge may not be a competitor in the same class / section where he/she is judging.
- 5.2.2 Wanneer 'n direkte familielid (man, vrou of kind) van 'n beoordelaar deelneem aan 'n klas, moet die beoordelaar terug staan vir die duur van die klas.
In cases where direct family of the judge compete in classes where he/she is judging, the judge must excuse him-/herself from the class.
- 5.2.3 Wanneer 'n perd wat aan die beoordelaar behoort deelneem, moet die beoordelaar terug staan vir die duur van die klas.
In cases where a horse belonging to the judge is competing, the judge must excuse his-/himself from the class.



5.3 PLASINGS / PLACINGS

- Beoordelaars word nie verplig om 'n plasing toe te ken nie.
- Vertoners moet hulle onderwerp aan die aanvaarding van enige plasings deur die beoordelaars maak. Beamptes mag onder geen omstandighede met enige vertoner in 'n argument betrokke raak gedurende 'n klas nie.
- 'n Ontevrede vertoner mag appelleer teen 'n beslissing of besluit, volgens die Reëls en Regulasies van die Genootskap, binne 1 uur na afloop van 'n klas.
- *Judges are not compelled to award a placing.*
- *Competitors must accept, respect and abide by the judge's decision.*
- *Stewards may under no circumstances become involved in an argument with any exhibitor during a class.*
- *An aggrieved competitor may appeal against any decision of judgement according to the Rules and Regulations of the Society within 1 hour after completion of a class.*

5.4 BEPERKING VAN BAANBEAMPTES / RESTRICTIONS OF STEWARDS

Baanbeamptes mag nie as beamptes optree in klasse waarin hy/sy of 'n perd van hom/ haar deelneem nie. Indien dit gebeur moet hy/sy terugstaan vir die duur van die klas.

Officials may not compete and steward in a class where he/she or a horse belonging to him/her compete. Should such a situation present itself, the steward must excuse him-/herself from the class.

5.5 ONGEMAGTIGDE PERSONE IN DIE SKOU ARENA / UNAUTHORISED PERSONS IN THE SHOW ARENA

Ongemagtigde persone wat nie in amptelike hoedanigheid aangestel is nie, sal nie in die skou arena toegelaat word nie, behalwe waar 'n perd, ruiter of beampte in gevaar verkeer en hulp van buite verleen moet word. In klasse vir "Kinders onder 8 jaar" moet 'n hanteerder teenwoordig wees in die middel van die arena vir elke ruiter. Hanteerders moet korrek geklee wees soos vir In-hand Klasse.

No unauthorized persons whom have not been appointed, will be allowed into the showing arena, except where a horse, rider or an official faces danger and needs assistance from outside. In the classes for "Children under 8 years, a handler for each rider must be present in the middle of the arena. Handlers must be dressed according to regulations for In-Hand Classes.

5.6 VERSAMELING BEAMPTES / COLLECTION RING STEWARDS

Versamelring beamptes het die mag om enige deelnemer met foutiewe toerusting of kleredrag, wat nie voldoen aan die voorgeskrewe reëls nie, die klas te weier. 'n Deelnemer mag die foute regstel, indien moontlik, maar moet nog betyds wees om te kan deelneem aan die klas. Gewoonte oortreders sal onderwerp word aan dissiplinering (Verwys: Dissiplinêre Kode).

- Stiptelikheid by die versamelring en in die skou arena is verpligtend. Vertoners wat nie betyds is nie mag die klas geweier word
- Indien 'n vertoner bykomende tyd gaan benodig ter voorbereiding van 'n klas moet so 'n vertoner die Versamelring meester minstens 3 ure voor aanvang van die klas in kennis stel sodat mede-vertoners ingelig kan word indien daar 'n vertraging van 'n klas mag ontstaan.
- Kennis van 'n onttrekking uit 'n klas of kampioenskap moet minstens 30 minute voor aanvang van die klas by die Versamelring Meester, sowel as by die Administratiewe beampte aangeteken word.

Collection ring stewards have the power to disallow any competitor from entering the class should the individual not conform to the prescribed rules and regulations. If and when possible, the competitor may rectify the fault if possible but must still be on time to be able to participate in the class. Habitual offenders will be subject to disciplinary action (Ref.: Disciplinary Code).

- *Punctuality at the collection ring and show arena is compulsory. Late exhibitors may be denied entry to the class.*
- *If a competitor requires extra time to prepare for a class, such persons must inform the Collection Ringmaster at least 3 hours prior to the class so that other competitors may be informed of a delay.*



- *Notice of a withdrawal from a class or championship must be submitted to the Collection Ringmaster and the Administration official, at least 30 minutes prior to the start.*

6. NOMINASIEPROSEDURES: BEOORDELAARS VIR DIE NASIONALE KAMPIOENSKAPPE / NOMINATION PROCEDURES: JUDGES FOR THE NATIONAL CHAMPIONSHIPS

Klubs wat streekkampioenskappe aanbied en oor raadsverteenvoording beskik, kwalifiseer as nomineerders van beoordelaars vir die Nasionale Kampioenskappe.

- Die nominasie en die verkiesing van die beoordelaars moet vooraf ingedien word om op die tweede Raadsvergadering van die jaar afgehandel en direk daarna bekendgemaak te word.
- Streekverteenvoordigers moet dus vooraf die beoordelaars wat hulle wil nomineer vra of hulle beskikbaar sal wees vir die nominasie en beoordeling op die vooraf vasgestelde datums.
- Elke klub mag 2 universele en 3 tradisionele beoordelaars nomineer soos in die kategorieë hieronder beskryf.
- Een van die drie Tradisionele beoordelaars mag twee jaar na mekaar gebruik word.
- Die term “binne” beoordelaar” verwys na ’n beoordelaar wie slegs op die SA Boerperd beoordelaarspaneel verskyn/
- Die term “buite” beoordelaar verwys na ’n beoordelaar wat hul aanvanklike beoordelaarsopleiding / kwalifikasie by ander perde rasse of organisasies (bv. SASA) verkry het. Die persoon moes ook die SA Boerperd eksamen suksesvol afgelê het (Verw. Punt 1.1).

Clubs that present regional championships and have board representation, qualify a nominators for judges in the National Championships.

- *The nomination and election of judges must be submitted to the Board before the 2nd Board Meeting of each year. The outcome will be made known directly after the meeting.*
- *Regional representatives must therefore confirm that the judges’ nominated by their club, will be available for such nomination at judging as the pre-determined dates.*
- *Each club may nominate 2 universal and 3 traditional judges, as explained in the categories below.*
- *One of the three Traditional judges may judge for two consecutive years.*
- *The term “inside” judge refer to a judge who is only on the SA Boerperd judges’ panel.*
- *The term “outside” judge, refer to a judge that have not necessarily commenced his/her judges’ training at the SA Boerperd Breed but initially qualified with other breeds or with other organisations like SASA. This person must however have completed the SA Boerperd examinations successfully (Refer Point 1.1)*

6.1 TRADISIONELE BEOORDELAARS / TRADITIONAL JUDGES

6.1.1 Tradisionele beoordelaar: Kategorie 1 / Traditional judge: Category 1

Elke klub nomineer 1 “buite of binne” beoordelaar, geskik vir tradisionele beoordeling. Die beoordelaar met die meeste nominasies sal as eerste keuse gebruik word en die beoordelaar met die 2de meeste nominasies sal sy sekunde wees vir hierdie kategorie. Indien daar gelykop nominasies is sal die raad daaroor stem en sodoende ’n beoordelaar en ’n sekunde aanwys.

Each club nominates 1 outside or inside judge as qualified for traditional judging. The judge with the most nomination, will be the 1st choice and the runner up will be his/her second in this category. In case of a tie, the Board will make the final decision.

6.1.2 Tradisionele beoordelaar: Kategorie 2 / Traditional judge: Category 2

Elke klub nomineer 1 “binne” beoordelaar van buite sy streek. Die beoordelaar met die meeste nominasies sal as eerste keuse gebruik word en die beoordelaar met die 2de meeste nominasies sal sy sekunde wees vir hierdie kategorie. Indien daar gelykop nominasies is sal die raad daaroor stem en sodoende ’n beoordelaar en ’n sekunde aanwys.



Each club nominates 1 “inside” judge from a region outside of its own. The judge with the most nominations will be used as 1st choice and the runner up will be his/her second. In case of a tie, the Board will make the final decision.

6.1.3 Tradisionele beoordelaar: Kategorie 3 / Traditional judge: Category 3

Elke klub nomineer 1 verdere beoordelaar van sy keuse wat al voorheen ’n tradisionele SABP Streek- of Nasionale Kampioenskap beoordeel het, hetsy dit ’n binne of buite beoordelaar is. In hierdie kategorie sal die beoordelaar met die meeste nominasies nie noodwendig verkies word nie, maar die raad sal ’n stemming hou om hierdie beoordelaar en sy sekunde uit die genomineerdes aan te wys.

Each club nominates 1 more judge of their choice who have previously judged at SABP Regional- of National Championships. This nominee may be an inside OR outside judge. In this category the judge and his/her second with the most nominations will not necessarily be chosen voted on. However, the Board will vote to appoint this judge and his/her second.

6.2 UNIVERSELE BEOORDELAARS / UNIVERSAL JUDGES

6.2.1 Universele beoordelaar: Kategorie 1 / Universal judge: Category 1

Elke klub nomineer 1 “binne” (SABP) of SASA (Nasionale lys) beoordelaar, geskik vir die beoordeling van universele ruiter en ryperd klasse. Die beoordelaar met die meeste nominasies sal nie noodwendig verkies word nie, maar die raad sal ’n stemming hou om hierdie beoordelaar en sy sekunde aan te wys uit die genomineerdes.

Each club nominates 1 inside (SABP) or SASA judge (on the National panel) for the judging of Universal ridden classes. The judge with the most nominations will not necessarily be chosen. However, the Board will vote on the judges and his / her second from the list of nominees.

6.2.2 Universele beoordelaar: Kategorie 2 / Universal judge: Category 2

Elke klub nomineer 1 “binne” (SABP) beoordelaar, geskik vir universele teelklasse beoordeling. Die hoogs genomineerde beoordelaar sal gebruik word en die 2de hoogs genomineerde sal sy sekunde wees vir hierdie kategorie. Indien daar ’n gelykop nominasie is, sal die raad daarvoor stem en sodoende beoordelaar en sekunde aanwys.

Each club nominated 1 inside (SABP) judge who will judge the breeding (In-Hand) classes. The judge with the most votes will be appointed with the runner up as his/her second. In case of a tie, the Board will make the final decision.

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE / NATIONAL CHAMPIONSHIPS	
TRADISIONALE NOMINASIES / TRADITIONAL NOMINATIONS	UNIVERSELE NOMINASIES / UNIVERSAL NOMINATIONS
Kategorie / Category 1 <i>Binne of buite beoordelaar / Inside or outside judge</i>	Kategorie / Category 1 <i>Binne of buite (SASA) beoordelaar vir ryperd klasse Inside or outside (SASA) judge for ridden classes</i>
Kategorie / Category 2 <i>Binne beoordelaar – buite die streek / Inside judge form another region</i>	Kategorie / Category 2 <i>Binne beoordelaar vir In-Hand klasse Inside judge for In-Hand classes</i>
Kategorie / Category 3 <i>Binne of buite beoordelaar met SABP ondervinding / Inside or outside judge with previous SABP experience</i>	

